## BOEKBESPREKING

*Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* 26e jaargang, deel I. Die Staatsdrukker, 1963.

In hierdie vier-en-veertigste deel van die *Argief-jaarboek* is een proefskrif opgeneem, nl. die van H. R. van der Walt, *Die Suid-Afrikaanse Republiek en die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881—1899),* waarmee hy enkele jare gelede die doktorsgraad aan die P.U. vir C.H.O. onder promotorskap van prof. dr. D. W. Krüger verwerf het.

Bogenoemde tema is 'n belangrike een omdat nou vir die eerste keer in ons geskiedskrywing deeglik en volledig behandel word waarvan tot sover nog net brokstukke bekend was. Daarbenewens was die navorsing en geskiedskrywing, sover dit die Suid-Afrikaanse Republiek aanbetref, nog te veel beperk tot die grense van die Republiek self. Ook in laasgenoemde verband het die skrywer 'n belangrike bydrae tot ons geskiedskrywing gelewer deurdat hy in die besonder die lig laat val op die Brits-Suid-Afrikaanse verhoudinge gedurende die laaste kwart van die 19e eeu, en die Republiek daarmee ook tegelykertyd in die internasionale sfeer bring vir sover dit verhoudinge veral met Portugal, Nederland, Frankryk en Duitsland aanbetref. As sodanig is die werk nie net t.o.v. die feitekennis wat dit bring van besondere waarde nie, maar veral ook wat die kritiese ontleding van die gegewens en die verklarende en insiggewende weergawe daarvan betref. Daarmee is ook tegelykertyd nuwe perspektiewe geopen.

Wat dr. Van der Walt in hierdie proefskrif aanbied, is die resultaat van langdurige en uitgebreide navorsing in Suid-Afrikaanse argiewe asook in Londen in die Commonwealth Relations Office, die Public Record Office en die Britse Museum. Daarby het hy ook 'n menigte gepubliseerde materiaal geraadpleeg. Hierdie omvangryke bronnestudie is juis een van die belangrike kenmerke van die onderhawige proefskrif.

Die besondere waarde van die publikasie ly egter skade deurdat die werk in sommige opsigte met te veel besonderhede oorlaai is en dat die beskrywinge soms bietjie omslagtig is, 'n leemte wat miskien aan die skrywer se drang na deeglikheid en volledigheid toegeskryf moet word. Persoonlik sou

ek ook graag wou sien dat die somtyds lang hoofstukke van paragraafopskrifte voorsien en die inhoudsopgawe meer gedetailleer moes gewees het, wat baie sou help om die werk makliker te lees en te gebruik. Daarby sou 'n toepaslike kaart aansienlik kon meehelp om die beskrywinge op verskeie plekke makliker te volg en te begryp.

Oor die algemeen is die werk vlot geskrywe en is die taal en styl, sowel as die hele tegniese afwerking van die proefskrif goed versorg. Die register kon miskien meer beskrywend gewees het om naslaan te vergemaklik.

Die Publikasie-afdeling van die kantoor van die Direkteur van Argiewe kan van harte geluk gewens word met die publikasie van hierdie werklik belangrike en hoogstaande bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie, asook met die handhawing van die hoë peil van die *Argief-jaarboek*-reeks.

J. S. du Plessis.

Potchefstroom.

*Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 26e jaargang, deel II. Die Staatsdrukker, 1964.

Bogenoemde uitgawe van die *Argief-jaarboek* bevat twee werke: (a) die doktorsproefskrif van M. C. E. van Schoor, saamgestel onder promotorskap van prof. dr. D. W. Krüger aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en (b) die verhandeling waarmee P. C. Fourie die M.Admin.-graad verkry het aan die Universiteit van Pretoria onder leiding van dr. J. J. N. Cloete.

(a) M. C. E. van Schoor: *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgariep tot 1854.*

Hoewel Van Schoor hier weer 'n periode uit die geskiedenis van die Trekboeruitbreiding en die Voortrek dek, wat in soveel ander werke ook al behandel is, kom hy egter met iets heeltemal nuuts tevoorskyn en benader hy die mense, wie se handelinge al soveel aandag geniet het, vanuit 'n heeltemal ander hoek in 'n poging om op 'n ontledende en verklarende wyse 'n bepaalde geesteshouding by hierdie mense in daardie tyd te ontdek en bloot te lê. So 'n taak kan alleen met sukses onderneem word deur iemand wat in die geskiedenis deeglik onderlê is en oor rype kennis, ervaring en insig beskik. En

hier is dit definitief die geval.

Hierdie werk is 'n ondersoek na die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner gedurende die 18e eeuse uitbreidingsbeweging en die Groot Trek, laasgenoemde beperk tot die groep mense wat hulle in die gebied van die Transoranje gevestig het, tot 1854. As sodanig is dit niks anders nie as 'n inleidingstudie tot die totstandkoming van die Republiek van die Oranje-Vrystaat in 1854, maar dit is ook 'n belangrike voorstudie i.v.m. die nasionale bewuswording van die Afrikaner as geheel, waaraan F. A. van Jaarsveld baie aandag gegee het. Van Schoor behandel egter 'n vroeër tydperk as Van Jaarsveld en voorsien in hierdie verband nie net in 'n groot leemte nie, maar lewer ook met sy verrassende gevolgtrekkinge 'n werklike bydrae tot ons kennis aangaande die Afrikanervolkswording.

Van Schoor het 'n uitgebreide bronne- en omvangryke literatuurstudie gedoen. Hy lewer in die proefskrif onteenseglik bewys dat hy 'n bekwame navorser en nugtere wetenskaplike geskiedskrywer is, wat nie alleen beskrywe nie maar steeds ontledend en verklarend te werk gaan. Tegnies is die werk ook baie goed versorg en is die taal en styl beslis keurig.

Die waarde van die werk sou m.i. aansienlik verhoog gewees het as dit nog 'n mooi, afgeronde, samevattende slothoofstuk bevat het en indien die somtyds lang hoofstukke van subopskrifte voorsien was. Vir die afwesigheid van so 'n hoofstuk maak die skrywer egter in sy voorwoord by voorbaat verskoning, naamlik dat hierdie proefskrif die eerste deel van 'n breër studie is en dat die deel wat daarop volg „binnekort" vir publikasie voorgelê sal word. Mag dit spoedig gebeur.

(b) *P. C. Fourie: Die administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859.*

Fourie het hom ten doel gestel om „'n ontledende en verklarende beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van die administrasie van die Republiek van die Oranje-Vrystaat tot aan die einde van die bewind van president Boshof (1859)" te gee. Hy doen dit dan deur agtereenvolgens aandag te skenk aan die oorname van die bewind van die Oranjeriviersoewereiniteit deur die Republiek van die O.V.S. in 1854, die nuwe administratiewe en organisatoriese reëlings m.b.t. die sentrale liggaam en ampte (volksraad, uitvoerende raad en

president), die funksionele en distrikskantore (justisie, toekenning en registrasie van grond, administrasie van boedels, poswese, onderwys, openbare werke en paaie en distriksadministrasie), personeelaangeleenthede (werwing, aanstelling, bevordering, diensvoorwaardes, opleiding en verplasing) en finansiële administrasie (tesourier-generaal, ouditeur-generaal, begroting, voorrade en uitrusting). Die werk word afgesluit met 'n mooi samevattende hoofstuk.

Wat hier gebied word is die resultaat van intensiewe en noukeurige bestudering van oorspronklike ongepubliseerde dokumente, hoofsaaklik in die argiefdepot van die O.V.S., gepubliseerde dokumente en toepaslike sekondêre werke. Die werk is vlot geskrywe en tegnies goed versorg. Die feit dat die *Argief-jaarboek* dit vir publikasie aanvaar het, behoort vir die skrywer alleen al 'n bewys te wees dat hy goeie werk gelewer het.

J. S. du Plessis.

Potchefstroom.

*Tant Miem Fischer se Kampdagboek, Mei 1901—Aug. 1902"* — Tafelberg-Uitgewers, 1964. **Prys R1.75.**

Dit het gedurende die afgelope paar jaar 'n soort mode by Engelse skrywers geword om na die Tweede Vryheidsoorlog as 'n „Gentleman's War" te verwys, net soos na die Eerste Wêreldoorlog as die „Kaiser's War". Die propagandistiese opset is duidelik. Dat die lydende party, in ons geval die vroue en kinders, nie met so 'n karakterisering van die oorlog in Suid-Afrika saamstem nie, blyk duidelik uit die dagverhaal van 'n vrou, tant Miem Fischer, wat dit meegemaak het. Hierdie werkie, keurig versorg en uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers, is wel 'n produk van die tyd en omstandighede waarin dit geskryf is, en 'n waardevolle historiese bron saam met ander dergelike getuienisse wat ons besit, maar dit is veel meer as dit.

Die dagboek is die uitdrukking van die leed, die smaad en die vernedering van 'n hele geslag, die weerlose slagoffer van 'n vyand wat in sy onmag om sy vyand te velde te verslaan, sy toevlug geneem het tot 'n strategie van verskroeide aarde wat wesenlik gemik was teen die burgerlike bevolking. Meer as sestig jaar nadat die ink op die papier reeds dof begin word het, het hierdie dagboek twee boodskappe. Die een is dat die grootste slagoffers van 'n oorlog steeds die

weerloses is. Die tweede is dat uit die as van die verlede steeds 'n nuwe geslag opstaan, steeds verjonging plaasvind en dat krag uit swakheid groei. Selfs geen kampkind het tevergeefs gesterf nie.

Die warm lewe wat deur die dagboek pols, maak dit vir ons eg en waar en 'n stukkie aangrypende geskiedenis van een vrou en een gesin wat tog ook per slot die lotgevalle van 'n mensegeslag weerspieël. In Afrikaans gestel, het dit 'n boodskap vir die mensdom.

D. W. Krüger.

Heyns, J. A.: *Die Teologiese Antropologie van Karl Barth vanuit wysgerig-antropologiese oriëntering* — Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 349 bladsye, R2.75, 1964.

Hierdie boek is die proefskrif van dr. Heyns wat hy ter handig het, en is opgedra aan sy promotor prof. H. G. Stoker. verkryging van die graad D.Phil. aan die P.U. vir C.H.O. inge-

Ons moet die publikasie van dié proefskrif hartlik begroet en wil Tafelberg-Uitgewers gelukwens met hierdie puik en netjiese uitgawe binne die redelike prys. Des te meer omdat Tafelberg hom tot dusver nog nie eintlik in die akademiese publikasies gewaag het nie.

Ons begroet dié publikasie veral om twee redes. Ten eerste kry ons hier 'n deeglike en kritiese analise van Barth se antropologie wat primêr 'n teologiese antropologie is. Barth boei nog steeds die geeste en die antropologiese konsepsies van Barth (veral sy opvatting van die beeld van God in die mens as 'n suiwer relasionele konstruksie) se nawerking in die teologie is nog glad nie uitgewerk nie.

Dr. Heyns doen 'n indringende en oortuigende analise en huiwer nie om Barth openlik aan te val oor sy christomonistiese standpunt nie. Die boek is verdeel in die twee groot afdelings van die tetiese uiteensetting van Barth se antropologie en die kritiese bespreking daarvan. 'n Mens het werklik respek en waardering vir die deeglike werk, wat in albei dié afdelings na vore kom. Ons is dankbaar vir die sterk standpunt wat dr. Heyns teen Bart inneem en dat hy die agtergronde van sy (Barth se) standpunte blootlê op so 'n wyse dat 'n mens die indruk kry dat Barth die reformatoriese weg verlaat het en in 'n dualistiese grondmotief te lande gekom het.

Maar daar is 'n tweede rede waarom hierdie werk van

belangrike betekenis is nl. dat ons hierin ook al is dit eintlik terloops 'n positiewe uitbouing kry van 'n Calvinistiese wysgerige antropologie en daaraan is daar 'n groot behoefte. Hier wys dr. Heyns die ontologiese fundering van Barth wat Christus en elke mens analoog stel met beslistheid af (vgl. veral p. 239). Hy stel egter ook 'n christologiese fundering voor waarby hy dan rekening hou met „die plaasbekledende karakter van Christus se menssyn" (p. 249).

Verder gee hy 'n kostelike uiteensetting oor die mens in sy grondverhoudinge, in sy grondhandelinge en na sy grondstruktuur. Natuurlik gebeur die uiteensetting hier steeds met die oog op Barth maar dr. Heyns skroom nie om duidelike riglyne te trek nie. Graag wil ons die hoop uitspreek dat sy gedagtes nog verdere konkretisering en gestalte mag vind in 'n volgende boek.

Met groot vrymoedigheid kan ons hierdie boek aanbeveel by die lesers van *Koers*. Dit verdiep nie alleen ons kennis van Barth nie, maar bied wye perspektiewe vir die teoloog, die filosoof en die vakwetenskaplike en by laasgenoemde dink ek veral aan die beoefenaars van psigologie, sosiologie en ander geesteswetenskappe. Die fris wetenskaplike wyse van hantering van die stof en die verwerking daarvan, met die indruk van beheersing en rypheid werk mildadig op die leser in.

Die enigste beskeie kritiek wat ek wil uitspreek is, dat dit jammer is dat die boek om vir 'n filosofiese graad te kwalifiseer, noodwendig so min teologiese verantwoording moes bevat. Dit is nie die skrywer se fout nie, maar 'n onvermydelike gevolg van die feit dat die boek vir 'n filosofiese verhandeling aangebied is.

Florida. B. Duvenage.

R. B. Rackham: *The acts of the apostels. An exposition.* (Prys onbekend).

Hierdie werk is in 1901 vir die eerste keer uitgegee in die reeks Westminister Commentaries. Dit word nou nuut uitgegee deur Baker Book House, Grand Rapids, in 'n nuwe reeks, *The Limited Editions Library*. Hierdie reeks het ten doel om alleen basiese en standaard werke wat geruime tyd bykans onverkrygbaar geword het, opnuut uit te gee. Dat hierdie kommentaar op die Handelinge van die Apostels in hierdie reeks sy herverskyning maak, is dus reeds 'n baie sterk aanbeveling.

Dit is 'n goedgebinde werk van groot omvang: 'n inleiding van 115 bladsye en kommentaar van 524 bladsye.

Die breedvoerige inleiding bevat hoofstukke oor die boek Handelinge self (geskiedenis; skrywer; eenheid; teks); die skrywer Lukas (sy geskiedenis en karakter); die samestelling van Handelinge; die geskiedkundige agtergrond; die teologie van die boek; die kerk en kerklike bedieninge in Handelinge. 'n Besonder deeglike en waardevolle inleiding.

Die kommentaar-gedeelte bevat bykans geen Grieks nie en gee ook nie afsonderlike grammatiese eksegese van elke vers nie. Die bedoeling is veelmeer om 'n deurlopende interpretasie van die boek te gee — in die vorm van 'n breedvoerige parafrase. Gevolglik lees die kommentaar besonder gemaklik en bied dit aan die leser 'n ryke insig in die *gedagtegang* van Handelinge. Die teks word helder belig met kultuurhistoriese agtergrondskildering.

In sy *Profitable Bible Study* maak Wilbur M. Smith die volgende opmerking in verband met kommentare op Handelinge: „I think the greatest of all is Richard B. Rackham, The Acts of the Apostles: An Exposition. In places the volume is simply unsurpassed. One moves in the realm of glorious achievements, and mighty theological truths as he turns the pages of this book".

Die herverskyning van hierdie uitnemende kommentaar op Handelinge is besonder verblydend en dit behoort veral welkom te wees by predikante, terwyl daar 'n groot tekort aan goeie kommentare op Handelinge bestaan.

Die boek word ten sterkste aanbeveel.

Pietersburg. J. C. Coetzee.

Julian C. McPheeters: *The Epistles to the Corinthians.* Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1964.

Hierdie werk is die sewende in 'n voorgestelde reeks van vyftien boeke oor die Nuwe Testament. Die loflike doel van die reeks is om predikers te stimuleer tot 'n intensiewer, meer omlynde en vrugbaarder Skrifstudie. Hiertoe bied die boeke aan die bedienaar van die Woord die volgende:

1. prikkelende gedagtes van homiletiese aard;
2. riglyne vir die studie van 'n hele Bybelboek met die oog op prediking;
3. 'n stimulus tot selfstandige sistematiese studie van die Skrif.

Die boek is dan ook in die woorde van die eindredakteur, Ralph G. Turnfull, nòg 'n volle Bybelstudie, nòg 'n openbaringsgeskiedenis. Dit is ook geen kommentaar op die Heilige Skrif nie. Dit wil slegs aanspoor tot verdere studie en dieper homiletiese gedagtes.

Elke hoofstuk van die briewe van Paulus word dan kortliks vanuit 'n sentrale teks behandel onder die volgende opskrifte: historiese agtergrond; verklarende (eksegetiese) betekenis; leerstellige woorde; praktiese oogmerk; homiletiese vorm. Onder lg. word 'n kort homileties-eksegetiese uiteensetting van die hele hoofstuk gegee in die lig van die sentrale teks. Soms word byeenhorende hoofstukke saamgegroepeer en as geheel behandel (bv. 1 Kor. 8—10 en 2 Kor. 8—9).

Globaal geneem, maak hierdie boek 'n goeie indruk. Die inleiding bevat voldoende biografiese en kanoniese gegewens. Die indeling van die eerste brief aan die Korinthiërs lê ietwat buite die gewone dog is oorsigtelik en interessant. Die totale agtergrond van dié briewe van Paulus sou duideliker wees as hier die feit genoem word dat Paulus in 1 Kor. antwoord op vrae van die Korinthiërs. Dit word eers later en heel terloops genoem by die behandeling van 1 Kor. 4 (p. 26).

Die groot Skrifwaarhede word deurgaans suiwer na vore gebring. Sentraal staan die plaasbekledende, versoenende lyde van Christus. Die kultuur-historiese agtergrond word mooi geskilder en interessante gegewens genoem waardeur die betekenis van die vermaninge helderder uitstaan. By die behandeling van 2 Kor. 3—6 is daar egter 'n dreigende herhaling van die geskiedkundige agtergrond.

Die keuse van die kernteks en die homiletiese uitwerking is oor die algemeen geslaagd. Daar is ook enkele minder geslaagde keuses wo. 2 Kor. 7 : 1 vir die behandeling van hoofstuk 7 seker die opvallendste is. Hierdie teks, wat in konklusie trek op die betoog van hoofstuk 6, hoort dus nog wesenlik by die vorige hoofstuk.

Daar is 'n paar hinderlikhede: klem op die „revivals" (p. 54); op die subjektiewe ervaring van die Christen (p. 91, 116—117, 148), en hier en daar die onaangename smaak van 'n sunergistiese teologie waar Gods werk van die mens afhanklik gestel word („To realize... that the advancement of His Kingdom depends upon us, and that if we fail He has no other plan", p. 102; vgl. p. 106 en ook die hele opset van die behandeling van 2 Kor. 6). Hier en daar is die eksegese

onoortuigend (bv. by 1 Kor. 1 waar die kruis self as krag van God geteken word i.p.v. die *Woord* van die kruis, d.i. die evangelie; die individuele opvatting van die liggaam as die tempel i.p.v. die gemeente as tempel by 1 Kor. 3 : 16, 17; die vrou wat tog kan spreek in die gemeente by 1 Kor. 14 : 34!) en 'n onsuiwere teëstelling word gemaak tussen die eenheid in die Gees en die eenheid van konfessie (p. 52).

Afgesien hiervan kan die boekie met sy dankbare bronnelys van kommentare op 1 en 2 Kor. as ligtere homiletiese leesstof met vrug gebruik word. Na wat plaaslik gehoor en geleer is van die Metodiste Kerk, kan ons die Here dank dat 'n stem vanuit dié kerk in Amerika weer op gaan om die Skrifgebonde en suiwere evangelie te verkondig.

Alberton. L. F. Schulze.

Anna Rothmann: *Klaasneus-hulle*, uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers; 128 bladsye; prys R1.35.

Anna Rothmann (dogter van die bekende skryfster M.E.R.) het negentien jaar gewerk by die Albanie-museum op Grahamstad, een van die oudste en bekendste museums in ons land. So het sy oor die jare kennis gemaak met allerhande interessante diere en dit is van hulle wat sy vertel. Haar hartstogtelike liefde en belangstelling vir die diere van die veld spreek duidelik uit elke skets.

Die boekie bevat 'n groot verskeidenheid interessante feite oor die voorkoms en gewoontes van ystervarke, skilpaaie, rooikatte, krimpvarkies, klaasneuse, meerkatte, vlermuise, geitjies, broekmannetjies en nog ander diere. Alles is gebaseer op werklike ondervindinge en waarneminge wat boeiend aan die leser oorgedra word. Die gegewens word so subtiel in die vertellings ingewerk dat die leser eintlik eers nadat hy die skets klaar gelees het agterkom dat hy sommer 'n hele aantal interessanthede van diere geleer het.

Die aangename verteltrant en effektiewe beskrywings van die diere maak die boekie 'n genot om te lees — en dit is geskryf vir alle lede van die huisgesin: „Dit is baie snaaks om 'n lewendige krimpvarkie die eerste keer te sien — amper net so snaaks asof 'n mens 'n hareborsel sou sien asemhaal. Want minder na 'n dier kan geen dier seker lyk nie" (p. 59). En oor die veldmuise se nes wat sy dopgehou het skryf sy: „Ek het lank gesit. Alles was doodstil. Ver onder lê die kalm blou see, en die veld lê so rustig in die môreson

dat dit lyk of alles aan die slaap is. Maar alles was hoegenaamd nie aan die slaap nie, want skielik spring daar vier muise gelyk by verskillende gate van die nes uit. Terwyl ek nog wonder of dit nou 'n soort speletjie is, verskyn daar op die agterste muis se hakke 'n gedaante in die opening en ek kyk in 'n *gesig* vas: van 'n geelslang! Versteen kyk ons mekaar tien tellings lank aan — ek roerloos op die klipbank, hy halflyf uit die gat, so naby dat ek hom met 'n stok sou kon aanraak. Toe verdwyn hy weer soos 'n skaduwee in die gang" (p. 86). Van die broekmannetjies (ruspes van sekere motte) vertel die skryfster bv.: „Partykeer sien 'n mens 'n bondeltjie gras of stokkies van so 'n duim lank, wat lyk asof dit loop, met rukkerige bewegings. Dit loop regtig, en dit is 'n broekmannetjie (p. 119). In ons museum was daar die wonderlikste klipbroekmannetjie. Sy huisie was 'n duim lank, maar onder die vergrootglas kon 'n mens sien dat daar niks minder as sewehonderd klippies in was nie. En alles was net met die fynste sydraadjies vasgeheg" (p. 121). Die hele boek is deurspek met hierdie tipe van eie waarneminge wat op 'n meevoerende wyse oorvertel word.

Hierdie boek is 'n baie welkome bydrae tot die Afrikaanse literatuur oor die doen en late van Suid-Afrikaanse diere. Daar bestaan 'n groot skat van hierdie soort werkies in die Europese lande. Die meeste is geskryf deur amateur waarnemers en hier by ons lê die veld nog braak vir sulke persone om die groot verskeidenheid in ons natuur aan die leserspubliek bekend te stel. Klaasneus-hulle is 'n boek wat ten sterkste aanbeveel kan word en waarmee die skryfster gelukgewens moet word. Dit is ook in Engels beskikbaar onder die titel „The elephant shrew and company".

Potchefstroom. P. A. J. Ryke.

M. Eugene Osterhaven: *Our Confession of faith*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1964.

Die skrywer is professor van Sistematiese Teologie aan die „Western Theological Seminary" te Holland, Michigan Sy boek handel oor die 37 artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat hy in 44 hoofstukke bespreek. Die skrywer besit inderdaad die vermoë om die teologiese waarhede van die Geloofsbelydenis op heldere wyse weer te gee. In sy verduideliking en saaklike toepassing sien ons steeds die goue draad van die Calvinistiese belydenis. Hy beroep hom

dikwels op die geskrifte van Calvyn. Daarenteen neem hy dikwels standpunt in teen uitlatings van Karl Barth, Rooms-Katolieke Kerk, Mohammedane en sektes. Wat die veelbesproke art. 36 betref, is sy mening dat die woorde „om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens" verwyder moet word.

Aan die einde van elke hoofstuk is 'n aantal vrae wat as basis van groepbespreking kan dien.

Voorwaar 'n sprankelende werk wat tot ryke lering vir elke Calvinis kan dien.

C. Malan.

Oos-Londen.